

Saterdag 13 Februarie

Skrifgedeelte: Filippense 3:1-14; HK Sondag 6, Vraag 19

Fokusgedeelte: Filippense 3:8

Ken ons die Here soos ons moet?

Die Skrif in sy geheel getuig van Christus. Die Ou Testament kondig sy koms aan en in verskillende lyne word op sy arbeid as Middelaar gewys (vgl. 12 Feb.). In die Nuwe Testament het ons vier getuïenisse oor Hom in die vier beskrywings van die evangelie. Christus sê Self dat die waarheid bevestig kan word as daar twee of drie getuies is (Matt. 18:16; vgl. ook 1 Tim. 5:19), maar God is ons so genadig dat Hy ons in sy Woord vier getuïenisse oor Christus gee sodat ons dit met sekerheid kan glo. In die briewe en Openbaring word daar aanhoudend terugverwys na wat Christus gedoen het en vooruitgewys na sy wederkoms. So beskou is die hele Woord van God 'n brief van die Bruidegom aan die kerk as sy bruid, 'n brief waarin Hy Self ons wil oortuig van sy onbegrensde liefde vir ons en waarin Hy heerlike beloftes aan ons gegee het. Daarom moet ons as bruid van Christus hierdie evangelie, hierdie brief op ons harte dra. Ons moet dit lees en herlees soos 'n brief van 'n beminde gelees word, sodat ons sy liefde en alles wat Hy vir ons gedoen het, daaruit kan leer ken. Dit is ook wat Paulus bedoel as hy sê: *“Ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde”* (Fil 3:8). Juis omdat die Skrif so 'n geweldige hoë waarde het, is dit so 'n verskriklike euwel as mense se kennis daarvan gebrekkig is. Daar was tye in die geskiedenis van God se volk waarin die kennis van sy Woord uiters power was. So kla die Here by monde van Jesaja (1:3): *“'n Bees ken sy eienaar en 'n donkie die krip van sy baas, maar Israel ken My nie, my volk het geen begrip van wat Ek doen nie”* (vgl. Jer. 5:4). Nou moet ons nie dink dat die gebrek aan kennis van God en sy Woord iets is wat ons daaglikse lewe nie raak nie; intendeel, so 'n gebrek aan kennis het 'n kwade invloed op ons lewe. Dit blyk duidelik uit die Skrif. Nadat die profeet Hosea (4:1, 2) gesê het dat daar geen trou, liefde en kennis van God by Israel is nie, dui hy die gevolg daarvan soos volg aan: *“... vervloeking, valsheid, moord, diefstal en egbrek (het) hand oor hand toegeneem en die vergieting van onskuldige bloed is aan die orde van die dag.”* Dit is 'n uiters ernstige saak, omdat die kennis van God en sy Woord ook tans gebrekkig is selfs by baie mense wat nog aan 'n kerk behoort. 'n Mens wonder of al die misdaad in Suid-Afrika nie tot 'n groot mate daaraan toegeskryf moet word nie. Daarom moet ons ons daarop toelê om die evangelie van Jesus Christus so te ken dat ons daadwerklik daarvolgens sal lewe.